

# SONSTRAAL BYBELSTUDIE

**15 MAART 2026**

## Esegiël 37:1-14
## ’n Tyd om te Hoop

**1. Beweging 1 - Verwelkoming**

- Verwelkom elkeen in die groep en vier enige verjaarsdae en ander hoogtepunte.
- Word ’n oomblik stil om bewus te word van God, van mekaar en ons omgewing. Laat ons voete op die grond ons herinner aan ons kontinent, ons land, ons dorp, ons buurt... Wat druk God vandag op jou hart?
- Open met gebed

**2. Beweging 2 – Luister na die Woord:**
**Lees Esegiël 37:1-14**

**3. Beweging 3 – God bly betrokke**

Esegiël is ’n profeet in die tyd van die Babiloniese ballingskap, ’n tyd van wanhoop en uitsigloosheid. Hierdie is ’n profetiese visioen wat iemand met ’n sensitiewe verbeelding kan ontstel. God laat Esegiël meer as een keer om die hordes bene loop. Jy kan jou voorstel hoe God die profeet rondwys en inlei in ’n gesprek. Op die manier word ons as hoorders ook gevra: “Mensekind, kan hierdie beendere leef?” God het nie vir Juda verlaat met die val van Jerusalem nie, maar is hier in hulle krisis óók bewus van hulle wanhoop. As ons na die wêreld om ons kyk, wat is die beendere wat ons sien? Hoe laat dit jou voel? Waar is God wanneer ons wanhopig voel?

**4. Beweging 4 - God gee lewe**

Tel hoeveel keer die frase “dan sal julle besef dat Ek die Here is” voorkom. Ons bely dat God die Skeppergod is. In hierdie visioen van Esegiël word die bene stelselmatig opgebou tot vlees, en dan die klimaks wat herinner aan Genesis 2. Dit is God wat sy lewe inblaas, die ruach (Hebreeus vir Gee of, Wind). Dit is die Tuinier (Gen. 2) wat hulle weer hoop gee en hulle sal terugplant op hulle grond. Dit is God se Gees wat hoop en lewe gee. Waar hoor ons vandag die ruach en hoe gee dit ons hoop.

**5. Beweging 5 - Vooruitsig van ons eie opwekking**

In die vyfde Sondag van Lydenstyd word ons reeds herinner dat God die God van lewe is, te midde van ons groeiende bewuswording van sy komende kruisdood. Die opwekking van Lasarus (Joh. 11) word saam met Esegiël gelees. God skep uit niks, herskep, wek op uit die dood, maar gee ook lewe daar waar ons in wanhoop verval en glad nie verder kan kyk of dink nie. Ons weet in die laaste instansie is dit God wat lewe gee as dood ons fisiek of eksistensieel besoek. Lees Psalm 130 hardop vir jouself. Vertel mekaar stories van hoop – werklike gebeure – dalk in die afgelope week, waar die oorwinning oor die dood ’n werklikheid geword het.




**6. Beweging 6 - Verlang na die Skeppergees**

Sit met die aanhaling uit die lied “Veni Sancte Spiritus” (Kom, Heilige Gees) van Taizé. “Come from the four winds, O Spirit, come breath of God; disperse the shadows over us, renew and strenghten your people.” Jy kan ook daarna op YouTube luister. Lees daarmee saam Esegiël 37:9 en laat toe dat die Heilige Gees hoop vir jou skenk.

**7. Beweging 7 – Kuier**

Sluit af met gebed en geniet ’n heerlike koppie tee en verkeer gesellig saam.

**8. Aankondiding:**

Onthou: Stuur asseblief ’n lys van julle kleingroeplede vir ons en dui aan wie die sameroeper/leier/kontakpersoon is. Julle kan dit stuur aan: kommunikasie@sonstraal.org.za. Baie dankie vir julle samewerking!